

Sing vooraf staande: Psalm 110:1, 2 (p. 550)

- 1 Die HEER is dit wat tot my HEER gespreek het: / "Sit aan my regterhand as hoogste HEER, tot Ek u vyand in sy mag gebreek het, / hom werp as voetbank voor u voete neer.
- 2 "Aan U, so hoog in heerlijkheid verhewe, / gee Ek uit Sion, waar U sit ten troon, die heerserstaf oor wie u mag weerstewe. / Sprei voor hul oog u heerskappy ten toon!"

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 118:1, 2 (p. 575)

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd. Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid. Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd, geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 2 Loof, loof die God van ons verlange, / o almal wat die HERE vrees! Sing voor die HEER jul lofgesange, / en laat Gods volk nou vrolik wees! Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd, geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Gebed

Psalm 99:1, 4, 5 (p. 492)

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die gérubs woon; wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde en al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!
- 4 Bidders het gepleit / in die worstelstryd; / daar het lig gekom / uit die wolkkolom, dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou: / heil'ge lewensorde / hul van God geworde.
- 5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou. Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

Skriflesing: Matteus 20:20-28; 1 Petrus 4:7-11; 5:1-4;

Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 30

Kernvers: Matteus 20:26-28; 1 Petrus 5:4

Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. So is dit ook met die seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense. (Matteus 20:26-28 AFR83)

En dan, wanneer die Opperherder kom, sal julle die heerlijkheid as onverganklike kroon ontvang. (1 Petrus 5:4 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 30: Die regering van die kerk

Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm. Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou

en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word. Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus daarvoor gee (1 Tim 3).

1 Kor 4:1-2; 2 Kor 5:19; Joh 20:23; Hand 26:18; 1 Kor 15:10; Matt 5:14; Luk 10:16; Gal 2:8; Tit 1:5; 1 Tim 3.

Tema: Christus regeer sy kerk; mense is die diensknegte deur wie Hy dit doen

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, tot dusver het ons aangaande die kerk van die Here die volgende bely: Sy kerk is oor die hele wêreld versprei en verstrooi en word nie tot seker plekke, tye of persone beperk nie. Verder glo ons dat elke ware gelowige deur die Here verplig word om hom en haar by die ware kerk te voeg, aangesien daar geen saligheid buite die kerk van die Here is nie. En ons glo ook dat die kerk van die Here aan die kenmerke van die ware kerk uitgeken kan word. Aan elkeen van hierdie sake het ons aandag gegee toe ons by die vorige drie Artikels van ons Nederlandse Geloofsbelydenis stilgestaan het. Nou kom ons by die regering van die kerk van die Here.

Sommige mense, aan die een kant, meen dat die regering van die kerk tog nie deel van 'n mens se geloofsbelydenis kan wees nie. Party van hierdie mense sê so omdat hulle die kerk bloot as 'n vereniging van mense sien wat dan soos enige ander vereniging van mense met 'n grondwet beheer en bestuur moet word. Party ander van hierdie mense sê weer so omdat hulle meen die kerk word slegs deur die Gees van Christus bestuur en daarom moet die gelowiges maar net na die Heilige Gees luister en doen soos Hy hulle lei. Dan, aan die ander kant, is daar weer ander wat meen dat Christus sy gesag aan een mens oorgedra het en hy moet die kerk regeer.

By elkeen van hierdie sienings oor die regering van die kerk bestaan die gevaar dat die mens met sy wil en begeertes in 'n meerdere of 'n mindere mate eintlik die regeerwerk in die kerk doen. Die eerste klomp mense wat die kerk as 'n vereniging sien, sal 'n grondwet opstel op 'n tipies menslike wyse. Oor wie in die kerk hoort en wie nie daar hoort nie, word dan deur die menslike grondwet van die kerk bepaal. In ons land sien ons 'n voorbeeld van hierdie wyse van kerkregering by die kerke wat mense op grond van velkleur in die kerk insluit of uitsluit. By die tweede klomp mense sal die regering maar op losse skroewe staan, aangesien elkeen maar sy eie verstaan van die Heilige Gees se leiding sal hê. Dan is dit weereens die mens wat beoordeel wat die Heilige Gees nou eintlik sê of nie sê nie. Hierdie soort regering tref 'n mens gewoonlik by die charismatiese kerke aan. Die derde manier van regering veroorsaak dat een mens homself as die hoof van die kerk sien en al die ander mense wat in die kerk werk, is inderwaarheid in diens van hierdie een mens. Hierdie laaste manier van regering is soos wat dit in die Roomse Kerk gebeur. Die pous word as die hoof van die kerk op aarde beskou en al die ander biskoppe en priesters is aan hom onderworpe.

Geliefdes, hierdie drie maniere van regering van die kerk is maar drie van baie maniere. En net uit hierdie drie maniere kom 'n mens agter watter uiteenlopende sienings daar bestaan oor die regering van die kerk. Ons gereformeerdes glo egter dat 'n mens nie die regering van die kerk van 'n mens se geloof oor die kerk kan losmaak nie. Aangesien die ware gelowiges aan die Here behoort en Hy hulle deur sy Gees en Woord in die kerk vergader, is dit tog logies dat die kerk, al die gelowiges bymekaar, ook aan die Here behoort. En as die kerk aan die Here behoort, het Hy beslis 'n inspraak in die wyse waarop sy kerk geregeer word.

Maar meer as dit, die Here het nie net inspraak in die regering van sy kerk nie. Hy staan tog nie eenkant en sê maar net van die kant af voor hoe die regering van die kerk moet plaasvind nie. Ons glo dat die Here self sy kerk regeer. Na aanleiding van die briewe aan die Efesiërs en die Kolossense weet ons dat Christus die Hoof is van die kerk en die kerk is sy liggaam. Hieruit is dit tog duidelik dat die regering van die liggaam deur die Hoof gedoen word. Christus alleen regeer dus sy kerk en geen mens nie.

Hierdie selfde gedagte kom ook in ons kernvers in 1 Petrus 5 na vore. Christus is die Opperherder. As daar een is wat gesag in en oor die kerk het, is dit Christus. Hy het immers sy lewe vir die kerk afgelê. Met sy kosbare bloed Hy die kerk gekoop vir sy Vader. Geeneen, behalwe Christus, se woord alleen dra gesag en krag in die kerk nie. Hierdie beginsel moet ons as gelowiges maar by herhaling hoor, want dit gebeur tog so maklik dat een mens dink omdat hy al so lank lidmaat in 'n kerk is of omdat hy al heelwat ouer is as die ander lidmate, moet almal na hom luister. Dit beteken nie dat ons nie na ouer mense moet luister nie, maar geen mens se woord mag ooit hoër as die Here Jesus se woord geag word nie.

En dit is nie maar eers in ons moderne tyd dat dit gebeur dat sommige mense meen hulle het darem 'n hoër posisie as andere in die kerk nie. Dit het onder die dissipels van ons Here Jesus ook gebeur. Johannes en Jakobus wou graag die ereplekke aan die regter- en die linkerkant van Jesus in die koninkryk inneem. Jesus wys hulle egter tereg dat dit nie Hy is wat die ereplekke aan mense in sy koninkryk toewys nie, maar sy Vader doen dit. Die ander dissipels het ook nog kwaad geword vir die twee broers. En hier sien ons wat gebeur as die mense nie die regering van die kerk aan die Here oorlaat nie, maar dit self wil doen.

Daarom het die Here Jesus begin om al die dissipels daarop te wys dat dit by die nasies gebeur dat die regeerders oor die ander mense baasspeel. En dit is hierdie baasspelers wat gewoonlik ook hulle mag misbruik en uiteindelik afbreek in plaas daarvan om op te bou. Wanneer mense self die regering van die kerk wil behartig, is hulle baasspelerig en uiteindelik dink hulle ook dat hulleself die mag in die hande het en op die ou end word die kerk nie gebou nie maar verbreek.

Geliefdes, die kerk is in die mag van die Here Jesus. Die kerk is sy liggaam waaroor en waarin Hy regeer. En die wyse waarop Jesus Christus sy kerk regeer, is deur sy Gees en Woord. So het Hy dit immers voor sy sterwe al aan sy dissipels bekend gemaak toe Hy die Heilige Gees aan hulle belowe het. Die Woord van God kan beslis nie soos 'n kerklike wetboek gebruik word nie, want die Bybel is nie 'n wetboek vir die kerk nie. Maar in die Bybel gee die Here vir ons die beginsels waarvolgens sy kinders moet lewe. Hierdie beginsels is dus die riglyne en bevele van die Here soos wat Hy wil hê dat die kerk ook moet lewe.

Die bevele van die Here in die Bybel is suiwer, maar ons mense is nie so volmaak dat ons hierdie volmaakte Woord van God altyd reg kan verstaan nie. Daarom het die Here in sy genade die Heilige Gees aan sy kerk belowe en ook gegee. Die Heilige Gees verhelder die mense se verstand en open hulle harte om die suiwere Woord van God te verstaan soos wat Hy dit bedoel het. Dit is op hierdie wyse wat die Here Jesus sy kerk deur sy Gees en Woord regeer.

Maar nou laat die Here dit nie maar aan elke gelowige oor om die suiwere beginsels van die kerkregering uit die Bybel uit op te diep en toe te pas nie. Daarvoor is ons mense te eiewillig en te hardkoppig. Daarom het die Here self bepaal hoe dit moet gebeur. Hy maak van die diens van mense gebruik, wat Hy inskakel in sy regering van sy kerk. Hy roep mense en Hy gee deur sy Gees aan hulle die nodige gawes deur wie Hy die regering van sy kerk self behartig.

Paulus stel dit in Efesiërs 4 duidelik vir watter dienste die Here mense roep en gawes aan hulle gee om deur hulle sy kerk te regeer. Hy stel mense aan in die diens van apostels, profete, evangeliste en herders en leraars. Van hierdie dienste wat Paulus noem, is die apostels, profete en evangeliste buitengewone dienste en van verbygaande aard. Met hulle het die Here sy kerk in die begin van die Nuwe-Testamentiese tyd gevestig en gestig. En daar waar die kerk gestig is op 'n sekere plek, moes herders en leraars en ouderlinge bevestig word. Met hierdie laaste dienste sit die Here dan sy regering van die kerk op daardie bepaalde plekke voort.

Afgelei uit die baie verskillende uitsprake van die Here oor die dienste in die kerk bely ons in Artikel 30 dat daar predikante, ouderlinge en diakens moet wees. Ons glo tot vandag toe dit is hoe die Here dit in sy kerk wil hê, daarom doen ons dit ook vandag nog so in die Gereformeerde Kerk Bellville.

Nou, broers, susters en kinders, moet ons goed daarop let wat ons Here Jesus sê. Die predikant, ouderlinge en diakens is nie base of bestuurders van die kerk nie. U hoor dat ons die hele tyd van dienste praat. Jesus sê immers vir sy dissipels:

Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat eerste wil wees, moet julle slaaf wees (Matteus 20:26 AFR83).

Nie een van die predikant of ouderlinge of diakens staan as gevolg van hulle sogenaamde status of eie vermoëns hier voor nie. Hulle is hier omdat Christus hulle diensknegte gemaak het vir u.

Christus hou immers sy eie wyse van optrede onder God se kinders as voorbeeld voor aan ons. Hy sê:

So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense
(Matteus 20:28 AFR83).

Met menslike mag en geweld word daar nie in die kerk deur die leiers wat God roep en aanstel, opgetree nie. Liefde en diensbaarheid is die karakter van die leierskap wat predikante, ouderlinge en diakens moet beoefen. Om hier voor te staan is nie om by mense hoog in aansien te wees nie, maar om die eerste slawe in die kerk te wees. Wie hier voor wil staan, moet bereid wees om heeltemal in diens van God opgebruik te word. Dit is immers die voorbeeld wat Jesus vir ons stel.

Vir elkeen van ons wat die Here geroep en aangestel het in sy besondere diens, of jy nou 'n ouderling, diaken of predikant is, sê die Here: Jy gaan niemand dwing met jou vermeende gesag nie, jy gaan ook nie baasspeel in die kerk nie. Wie egter met dwingende gesag en 'n baasspelerige houding hier voor staan en werk, sal maak dat God en Christus nie in sy dienswerk sigbaar word nie. Elkeen wat in 'n besondere diens aangestel is, moet sy gawes so ten bate van die gelowiges aanwend dat elkeen wat deur hom bedien word regtig agterkom dit is Christus wat met hom praat en hom versorg en vermaan.

Dit wil sê, geliefdes, geen predikant, ouderling of diaken, kom met eie gesag of woorde na u toe nie. Hulle is maar net bediendes wat Christus se gesag in die kerk moet bedien. Om dit nog duideliker te stel: Hulle is kelners wat net die bediening doen. Dit is Christus wat die voorbereiding gedoen het van dit wat bedien word.

En nou bely ons dat elkeen van hierdie besondere dienste hulle eie bedieningstaak in die kerk het. Die predikante verkondig die Woord van God en bedien die sakramente. Dit moet egter so gedoen word dat die hoorders van die preek en ontvangers van die sakramente, hoor dat God self aan die woord is. Die predikant wat so handel in die kerk van die Here, dra sorg dat die ware godsdiens onderhou word en die ware leer versprei word.

Ouderlinge se dienswerk is om toesig te hou oor die heiligheid van die gemeente. Christus is heilig, daarom moet sy liggaam ook heilig wees. In huisbesoek bedien die ouderling die gesag van die Here wanneer hy met die Woord van God lidmate aanmoedig tot getroue diens aan God, wanneer hy verdwaalde lidmate vermaan met die Woord van God en wanneer hy lidmate wat dreig om te verdwaal met die Woord van God in toom hou. Die ouderling wat die gesag van Christus so aan elke lidmaat onder sy sorg bedien, dra sorg dat die gemeente ter wille van God se Naam heilig en voorbeeldig lewe.

Diakens se dienswerk is om toe te sien dat niemand as gevolg van watter nood ook al uit die gemeenskap van die gelowiges wegraak nie. Die lidmate wat nood ly se hele gedagtegang word in beslag geneem met kommer. As dienskneg van Christus moet die diaken die rus en kalmte van Christus se gesag oor liggaamlike behoeftes aan die lidmate in nood gaan bedien. Dit word gedoen wanneer hy help en troos en uitdeel met die Woord van God op sy lippe. Maar ook die ander lidmate

wat nie in nood is nie, word met die gesag van Christus bedien sodat hulle toegerus kan wees om ook die liefdeswerk van Christus te doen. Die diaken wat sy dienswerk in die kerk van die Here so vervul, dra sorg dat geen nood die kerk van die Here onrustig maak nie.

In watter diens die Here jou ook al aangestel het, doen dit voluit met die gawes wat die Here aan jou gegee het. Weet egter altyd dat jy in diens van Christus is. Hy is die Opperherder aan wie elke predikant, ouderling, diaken en lidmaat verantwoording verskuldig is. Daarom kan slegs sy Woord in die hele lewe van die kerk geld, soos wat die Heilige Gees dit aan ons verstaanbaar maak. Wanneer die kerk so regeer word, vind dit ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse plaas wat die Here ons in sy Woord geleer het.

Amen!

Slotgebed

Psalm 2:4, 6 (p. 6)

- 4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, / sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
"Ek self (sê God) het U gegeneer: / U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis. / En dat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis / en wêreldwydtes tot u heerskappy.
- 6 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydschap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want ligt'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
28 April 2013